**16 JULIE** **SKRIFGEDEELTE: 1 TIMOTEUS 2:1-7**
**FOKUSGEDEELTE: 1 TIMOTEUS 2:1-2**

## God wil hê dat sy kerk vir alle mense moet bid

Ons moet besef hoe belangrik die gebed is. Die Here se kerk moet biddend wees. Ons moet God se vereistes vir die gebed leer ken. God wil hê dat sy kerk in hul gebede ook meewerk aan die uitvoering van sy raadsplan. Vir alle mense moet gebid word, maar die kerk het ook 'n besondere verantwoordelikheid teenoor die regering.

In hierdie gedeelte handel dit oor voorskrifte vir die gebed in die erediens. Ons kan nie net bid om 'n geseënde diens en 'n ongesteurde samekoms nie. Ons moet bid vir alle mense en besonderlik vir die wat regeer en gesag uitoefen. Elke mens het 'n rol in God se raadsplan. Die regerings en gesagsdraers is deur God ingestel. Die regering hoef nie te sorg vir die groei van die geloof nie. Dit doen die Heilige Gees deur die Woord. Die regering moet sorg vir 'n rustige en stil lewe. Daar moet orde wees. Dan kan die kerk sy roeping uitleef.

Hoe moet ons leef? Verskillende aspekte word beklemtoon. Die ryke veelvormigheid van die gebed word ons geleer:

*Met smeking* – Die woord het die betekenis van 'n petisie vir 'n definitiewe nood wat besonder sterk gevoel word. Jy vra vir die vervulling van 'n sekere nood in volle afhanklikheid van God met die besef dat net Hy alleen die oplossings kan gee.

*Met voorbidding* – Dit is om met 'n pleidooi in eerbied na God te kom, tot voordeel van iemand anders. Dit is soos Christus vir ons intree by die Vader en ons kan deur Hom, ons Voorspreker, vra.

Ten slotte, *met danksegging* – Dankbaarheid moet ons nooit vergeet nie. Dit is die lofprysing vir al die gawes wat God ons skenk. Ons moet dankbaar wees vir sy genade in Jesus Christus.

So moet die kerk bid vir alle mense.

*Sing: Psalm 145:1, 5, 11 (Totius)* *Ds Lourens Kruger (Uitenhage)*